

KUBERKAMMA

ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE



Johannes 1 vers 4 -5

In Hom was daar lewe en dié lewe was lig vir die mense
Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie

Kortpad

Sinodale deurdankoffer vir Hospitaalbediening Teebeurt: Vergeet-my-nie sel

17 Februarie 09h00 Slegs een diens in kerkgebou met belydenisaflegging [Name van finalejaar katekisasie](#)

Nog belangrike datums

[Kommunikamma 17 Februarie 2019](#)

Saam op pad vir Christus

Preke: Die [preke van die oggenddienste](#) word opgeneem en kan by die kerkkantoor bestel word teen R10 per CD. Preke word vir 3 maande gehou.

Verblyf benodig

Gavin, ons motorwag by die kerk, is [op soek na slaapplek](#) tot einde April, wanneer sy permanente blyplek beskikbaar sal wees. Hy slaap op die oomblik in 'n pakkamer by sportgronde. Kontak asseblief die kerkkantoor indien u kan help.

Hospitaalbediening

Indien iemand behoefte het aan 'n hospitaalbesoek van ons predikante, kontak hulle of die kerkkantoor of u dienswerker gerus.

ViA Afskop

Volgens [die foto's](#) het ViA 2019 op 'n hoë noot afgeskop.

WWJD

Volgens die [WWJD verslag Januarie 2019](#) het daar goeie dinge maar ook slegte dinge gebeur: Kraggakamma se bydrae maak finansiële en geestelike ondersteuning vir die kinders in Forever Family Home moontlik. Die inwoners van Quad House is positief oor hulle projekte vir die jaar. Die onlangse roof by Le Bon Bakery en die tragiese dood van konstabel Kemp en ander beamptes gedurende 2018 rus swaar op die gemoedere van die SAPS-manne onder kolonel Frans de Bruin. Ons moenie net per geleentheid vir die veiligheidsmagte bid nie maar elke dag!

De Belgische Evangeliese Zending

Almal kan solank raai wat die BEZ se nuwe naam, wat die 15de Maart bekend gemaak gaan word, sal wees deur die wenke in onder andere hulle Ralph Magazine te volg soos byvoorbeeld: "Wist je al dat de letter 'O' en de letter 'A' elk minstens één keer voorkomen in onze nieuwe naam? Onthulling van de nieuwe naam: nog 35 dagen!" [BEZ se nuwe naam](#)

Sake vir gebed

Ons bid dat elkeen wat vanoggend belydenis van geloof aflê Sy geur in hulle area van invloed sal versprei. Ons loof die Here vir jongmense wat die koste bereken het en Hom volg. Ons bid vir al die gemeente aktiwiteite wat hierdie week plaasvind. [Lees asseblief biddend](#) die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

There4-Bedieninge: Gebedsversoek vir Libië

Bid vir die [Christene in Libië](#) dat hulle saam met ander gelowiges bemoedig sal word.

Foto

Padlang [Liefde is tyd en teenwoordigheid](#)

“Haar grootste geskenk aan my was **tyd**. Al het sy ook ’n hoë posisie beklee in die maatskappy waarvoor sy gewerk het, kon ek haar enige tyd van die dag bel. Sy het my nooit laat voel asof ek oorbodig of lastig is nie. Wanneer ek by haar was, was sy altyd ten volle **teenwoordig**.”

Padkos Moenie ’n karakter-beoordelaar wees nie

“It's during the worst storms of your life that you see the true colours of the people who say they care for you.” Sulke opmerkings wemel op sosiale media. Dit laat my altyd skuldig voel. Ek meen, kan jy regtig elke keer daar wees vir ander mense? Of genoeg kere daar wees? Maar hier's 'n nuusflits: volgens die Bybel is die eintlike karaktertoets in krisistye bedoel vir diegene wat self deur die krisis gaan. Dan is dit nie die tyd om ander mense se karakter te beoordeel in terme van hoeveel hulle vir jou omgee in jou swaar-kry nie. Of hoeveel mense vir jou gebid het, en hoeveel nie. Jy is in elk geval nie geroep om 'n "karakter-beoordelaar" te wees nie. Daar is nie so 'n kompetisie hier op aarde nie. Laat dit aan God oor. Hy het al die feite. Net Hy kan ons harte lees. Moenie ander mense meet aan hulle waarde vir jouself nie. Jesus se roete is presies andersom. Sy opdrag is dat jyself daar moet wees vir ander mense in gewone tye en in krisistye sonder om boek te hou van hulle reaksie. Maklik? Gewis nie, anders het almal dit reggekry. Maar jy moet doen wat reg is as jy sê Jesus is jou Heer. Gee ruim om sonder om ander mense te laat skuldig voel. Hou op om boek te hou van kwaad en goed. 1 Korintiërs 13 se soort liefde maak dat jy gee en gee. Soos wat ek aldag sê: “Ons betaal meer in elke verhouding in as wat ons daaruit onttrek.” Ons is nie verbruikers of beoordelaars van mense nie, ons is beleggers in hulle lewe. Ons belê God se liefde in hulle en laat die resultate aan Hom oor.

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert www.ekerk.org]

Kubergroete tot volgende keer

[2019-02-17]



Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal.

www.getsnapscan.com